



Province of the  
**EASTERN CAPE**  
EDUCATION

**NASIONALE  
SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 11**

**NOVEMBER 2014**

**GESKIEDENIS V2**

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**



---

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 9 bladsye.

---

**INSTRUKSIES EN INLIGTING AAN KANDIDATE**

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk gebaseer is soos in die KABV-dokument uiteengesit is.

**AFDELING A: BRONGEBASEERDE-VRAE**

VRAAG 1: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – SWART NASIONALISME

VRAAG 2: NASIONALISME IN DIE MIDDE-OOSTE

VRAAG 3: APARTHEID SUID-AFRIKA – 1940's tot 1960's

**AFDELING B: OPSTELTIPE-VRAE**

VRAAG 4: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – SWART NASIONALISME

VRAAG 5: NASIONALISME IN DIE MIDDE-OOSTE

VRAAG 6: APARTHEID SUID-AFRIKA – 1940's tot 1960's

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde-vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord kan in die ADDENDUM gekry word.
3. AFDELING B bestaan uit DRIE (3) opstelvrae.
4. MOET NIE TWEE (2) opsteltipe vrae vanuit dieselfde tema beantwoord NIE.
5. Beantwoord DRIE vrae soos volg:
  - 5.1 Ten minste EEN (1) moet 'n brongebaseerde vraag wees en ten minste EEN (1) moet 'n opstelvraag wees.
  - 5.2 Die DERDE vraag kan of 'n brongebaseerde vraag of 'n opstelvraag wees.
6. In die beantwoording van die vrae moet kandidate hul kennis, vaardighede en insig gebruik.
7. Die blote oorskryf van bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.
8. Nommer die antwoord korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
9. Skryf netjies en leesbaar.

**AFDELING A: BRONGEBASEERDE-VRAE**

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, uit hierdie afdeling. Bronmateriaal wat gebruik moet word om hierdie vrae te beantwoord is in die ADDENDUM.

**VRAAG 1: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – SWART NASIONALISME****SLEUTELVRAAG: WATTER INVLOED HET DIE ANC-JEUGLIGA OP SWART NASIONALISME GEHAD?**

Bestudeer Bron 1A, 1B en 1C om die vrae wat volg te beantwoord.

## 1.1 Lees Bron 1A.

- 1.1.1 Wie, volgens die bron, het die kern van die ANC se ondersteuningsbasis voor die ontstaan van die ANC-jeugliga gevorm? (4 x 1) (4)
- 1.1.2 Watter metodes van weerstand was die ANC volgens die bron, ten gunste van? (2 x 1) (2)
- 1.1.3 Haal EEN woord uit die bron aan wat aandui dat die ANC-jeugliga ten gunste van verandering was. (1 x 1) (1)
- 1.1.4 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n geskiedkundige wat die beleidsrigtings van die ANC-jeugliga bestudeer. (2 x 2) (4)

## 1.2 Verwys na Bron 1B.

- 1.2.1 Verduidelik die begrip, '*Swart nasionalisme.*' (1 x 2) (2)
- 1.2.2 Lewer kommentaar op die redes waarom Yengwa die Charteristiese idee ondersteun het. (2 x 2) (4)
- 1.2.3 Wat, volgens die bron, was die doelwit van Swart nasionalisme? (1 x 2) (2)

## 1.3 Bestudeer Bron 1C.

- 1.3.1 Identifiseer die apartheidswet soos in hierdie foto uitgebeeld. (1 x 2) (2)
- 1.3.2 Verduidelik in jou eie woorde wat die doel van die Versetveldtog was. (2 x 2) (4)
- 1.3.3 Hoe ondersteun Bron 1C vir Bron 1A ten opsigte van die doelwitte van die ANC-jeugliga? (2 x 2) (4)
- 1.3.4 Wat was die gevolge van die Versetveldtog op die status van die ANC? (2 x 2) (4)

- 1.3 Raadpleeg Bron 1D.
- 1.4.1 Gebruik die bron en jou eie kennis en identifiseer die verskillende rasse-groepe wat die Kongres Alliansie gevorm het. (3 x 1) (3)
- 1.4.2 Waarom het die Kongres van die Mense in 1955 by Kliptown vergader? (1 x 2) (2)
- 1.4.3 Verduidelik die begrip, “*Vryheidshandves.*” (1 x 2) (2)
- 1.4.4 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe die regering teenoor die Kongres Alliansie gereageer het. (2 x 2) (4)
- 1.4 Gebruik die bronne en jou eie kennis en skryf ’n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy verduidelik hoe die ANC-jeugliga Swart nasionalisme beïnvloed het. (6)
- [50]**

**VRAAG 2: NASIONALISME IN DIE MIDDE-OOSTE****SLEUTELVRAAG: HOE HET DIE VERDELING VAN PALESTINA SPANNING IN DIE MIDDE-OOSTE VERSKERP?**

Bestudeer Bronne 2A, 2B en 2C om die vrae wat volg te beantwoord.

## 2.1 Verwys na Bron 2A.

- 2.1.1 Watter taktieke, volgens die geskrewe bron, was deur Joodse ekstremistiese groepe gebruik om Brittanje te dwing om haar mandaatskap oor Palestina op te gee? (4 x 1) (4)
- 2.1.2 Definieer die begrip, “*Sioniste*.” (1 x 2) (2)
- 2.1.3 Watter organisasie het besluit om Palestina in ’n Joodse en Arabiese staat te verdeel? (Geskrewe bron) (1 x 2) (2)
- 2.1.4 Verduidelik die historiese betekenis van die verwysing na Hamas en Hisbolla. (Visuele bron) (1 x 2) (2)
- 2.1.5 Watter mening word deur die spottekenaar oor die konflik in die Midde-Ooste uitgebeeld? (1 x 3) (3)
- 2.1.6 Identifiseer die staat wat die konflik tussen die Arabiere en Jode veroorsaak het. (Visuele bron) (1 x 2) (2)
- 2.1.7 Wat was die onmiddellike gevolg van die stigting van die staat Israel in 1948? (1 x 2) (2)
- 2.1.8 Verduidelik die betroubaarheid van die visuele bron vir ’n geskiedkundige wat die Arabiese-Joodse konflik bestudeer. (1 x 2) (2)

## 2.2 Lees Bron 2B.

- 2.2.1 Beskryf die redes waarom jy dink die Arabiere op Palestina as hul tuisland aanspraak gemaak het. (2 x 2) (4)
- 2.2.2 Noem DRIE redes, volgens die bron, waarom die Arabiese-Liga die verdeling verwerp het. (3 x 1) (3)
- 2.2.3 Met verwysing na die verklaring: “Die Westerse wêreld het hul gewete gesalf vir die wandade van die oorlog en hul skuld vereffen aan die Jode met iemand anders se land.” Verduidelik wat met die Jode in Europa gebeur het. (1 x 2) (2)
- 2.2.4 Noem EEN staat, wat volgens die bron, die Verenigde Nasies beheer het. (1 x 1) (1)

- 2.3 Raadpleeg Bron 2C.
- 2.3.1 Watter mening word deur die skrywer in Standpunt 1 uitgedruk, ten opsigte van die konflik in die Midde-Ooste? (1 x 2) (2)
- 2.3.2 Verduidelik in jou eie woorde wat '*etniese suiwering*' beteken. (1 x 2) (2)
- 2.3.3 Verduidelik wat die redes vir die uitbreek van die Eerste Arabiese-Israëli Oorlog was volgens die:
- (a) Jode (2 x 2) (4)
- (b) Arabiere (2 x 2) (4)
- 2.3.4 Wie, volgens die bron, het die Arabiese nasionaliste geblameer vir die uitbreek van die Eerste Arabiese-Israëli Oorlog? (1 x 1) (1)
- 2.3.5 Lewer kommentaar op die regverdiging van die Arabiese blamering van Brittanje as oorsaak van die Arabiese-Israëli konflik. (1 x 2) (2)
- 2.4 Gebruik al die bronne en jou eie kennis en skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy die gevolge van die verdeling van Palestina tussen 1948 – 1949 verduidelik. (6)

**[50]**

**VRAAG 3: APARTHEID SUID-AFRIKA – 1940's tot 1960's****SLEUTELVRAAG: HOE WAS APARTHEID IN SUID-AFRIKA GEÏMPLIMENTEER?**

Bestudeer Bronne 3A, 3B en 3C om die volgende vrae te beantwoord.

## 3.1 Verwys na Bron 3A.

- |       |                                                                                                                                         |         |     |
|-------|-----------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------|-----|
| 3.1.1 | Wie, volgens die bron, was die Minister van Naturelle Sake? (Geskrewe bron)                                                             | (1 x 1) | (1) |
| 3.1.2 | Definieer die begrip, " <i>Apartheid</i> ".                                                                                             | (1 x 2) | (2) |
| 3.1.3 | Hoe ondersteun H.F. Verwoerd se verklaring die beleid van apartheid?                                                                    | (2 x 2) | (4) |
| 3.1.4 | Lewer kommentaar op Verwoerd se stelling: "Wat baat dit om die Naturelle kind wiskunde te leer as hy dit nie prakties kan gebruik nie?" | (2 x 2) | (4) |
| 3.1.5 | Verduidelik die betroubaarheid van die geskrewe bron vir 'n historikus wat die Bantoe Onderwyswet bestudeer.                            | (2 x 2) | (4) |
| 3.1.6 | Wat, volgens die geskrewe bron, was die doelwitte van die Bantoe Onderwyswet?                                                           | (3 x 1) | (3) |
| 3.1.7 | Identifiseer die rassegroep wat die minste fondse ontvang het. (Visuele bron)                                                           | (1 x 1) | (1) |
| 3.1.8 | Noem die rassegroep wie die meeste befonds was. (Visuele bron)                                                                          | (1 x 1) | (1) |
| 3.1.9 | Gebruik die bron en jou eie kennis om die gevolge van hierdie befondsing op onderwys te verduidelik op:                                 |         |     |
|       | (a) Blankes                                                                                                                             | (1 x 2) | (2) |
|       | (b) Swartes                                                                                                                             | (1 x 2) | (2) |

## 3.2 Lees Bron 3B.

- |       |                                                                                                         |         |     |
|-------|---------------------------------------------------------------------------------------------------------|---------|-----|
| 3.2.1 | Watter apartheidswet word in hierdie visuele bron uitgebeeld?                                           | (1 x 2) | (2) |
| 3.2.2 | Watter boodskap wil die fotograaf met betrekking tot die implementering van hierdie wet probeer oordra? | (1 x 2) | (2) |
| 3.2.3 | Noem enige ander fasiliteite wat ook gesegeer was.                                                      | (3 x 1) | (3) |

- 3.2.4 Gebruik die bron en jou eie kennis om te verduidelik hoe die ANC teenoor hierdie wet gereageer het. (1 x 2) (2)
- 3.2.5 Beskryf in jou eie woorde, wat met mense gebeur het wat die wet oortree het. (1 x 2) (2)
- 3.3 Bestudeer Bron 3C.
- 3.3.1 Watter apartheidswet word in hierdie storie uitgebeeld? (1 x 2) (2)
- 3.3.2 Noem die metode wat deur die Klassifikasieraad gebruik was om mense te klassifiseer. (1 x 1) (1)
- 3.3.3 Watter basiese menseregte was Sandra Laing ontnem van? Gebruik die bron en jou eie kennis om die vraag te beantwoord. (2 x 2) (4)
- 3.3.4 Verduidelik wat Sandra Laing bedoel het toe sy sê: "... dit is te laat vir my." (1 x 2) (2)
- 3.4 Deur al die bronne en jou eie kennis te gebruik, skryf 'n paragraaf van SES reëls (ongeveer 60 woorde) waarin jy die impak van apartheid op die lewens van swartmense in Suid-Afrika verduidelik. (6)
- [50]**

**AFDELING B: OPSTELTIPE-VRAE**

Beantwoord ten minste EEN vraag en nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling.

**VRAAG 4: NASIONALISME IN SUID-AFRIKA – AFRIKANER NASIONALISME**

Beantwoord VRAAG 4.1 of VRAAG 4.2. Moet nie beide vrae beantwoord nie.

- 4.1 Bespreek krities die faktore wat aanleiding gegee het tot die opkoms van Afrikaner nasionalisme tussen 1930 – 1948. [50]

**OF**

- 4.2 “Die Afrikaner was in staat om hul sosiale en kulturele bewegings en hul ekonomiese programme as ’n dryfkrag te gebruik, om die gees van Afrikaner-nasionalisme op te bou.” Skryf ’n opstel om die geldigheid van bogenoemde stelling te evalueer. [50]

**VRAAG 5: NASIONALISME IN AFRIKA – GHANA**

Beantwoord VRAAG 5.1 of VRAAG 5.2. Moet nie beide vrae beantwoord nie.

- 5.1 Evalueer die gebeure tussen 1937 en 1957 wat gelei het tot die onafhanklikheid van Ghana. Skenk besondere aandag aan die rol wat Kwame Nkrumah gespeel het. [50]

**OF**

- 5.2 “Die bereiking van onafhanklikheid van Ghana kan toegeskryf word aan die invloed van Pan-Afrikanisme deur individue soos Marcus Garvey, Du Bois en Padmore.” Skryf ’n opstel waarin jy die impak van Pan-Afrikanisme op Nkrumah en die verwesenliking van onafhanklikheid in 1957 uit wys. [50]

**VRAAG 6: APARTHEID SUID-AFRIKA 1940’s – 1960’s**

Beantwoord VRAAG 6.1 of VRAAG 6.2. Moet nie albei vrae beantwoord nie.

- 6.1 Tot watter mate het die verskillende nie-gewelddadige vorme van weerstand in die 1950’s bygedra tot die afskaffing (beëindiging) van apartheid? Verduidelik jou antwoord. [50]

**OF**

- 5.2 “Gedurende die 1950’s het die ANC en sy bondgenote gehoop om verandering in Suid-Afrika teweeg te bring deur niegewelddadige massa protes-aksies. Teen 1960 het dit duidelik geword dat hierdie strategieë misluk het.” Evalueer die verklaring krities deur te verwys na die versetstrategieë wat deur die ANC en sy bondgenote na 1960 teen apartheid gebruik het. [50]

**GROOTTOTAAL: 150**